Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za



# Werner Bekker


## Area: Elgin

**T: 082 457 6718 / E: werner@laeveld.co.za**


**Gewasse:**
Druiwe, appels, pere, steenvrugte
**Aanbieding:**
Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Werner Bekker het in Robertson grootgeword en daar gematrikuleer. Hy en sy vrou Lindie, het twee seuns en hulle woon in Somerset-Wes. Werner se pa was ook in die landbousektor betrokke, en so is sy belangstelling van kleins af geprikkel. Na skool is hy na Saasveld in George vir 'n Landboukursus deur die Port Elizabeth Technikon.

Werner was bevoorreg om sy praktiese opleiding by ZZ2 naby Mooketsi te doen, waar hy kennis van tamaties opgedoen het. Later het hy in Ceres sy ondervinding van besproeiinginstallasies en appelaanplantings uitgebrei. Hy was vir drie jaar by Elsenburg Landboukollege om nog verder te studeer, met Pomologie, Wingerd- en Grondkunde as sy hoofvakke.

Na sy studies het hy by *Del Monte Fresh* begin werk as 'n Gehaltekoördineerder en later as 'n Bemarker, waar hy in sagtesitrus gespesialiseer het. In 2002 sluit hy by *Terason* aan waar hy hoofsaaklik met kernvrugte in die Langkloof gewerk het. Tussendeur het hy ook sy CropLife-kwalifikasie (voorheen AVCASA) en sy BASOS-kursus voltooi. Werner het 'n passie vir die landboubedryf en hou daarvan om buite te kan werk.

Werner geniet dit om tyd saam met sy vriende en familie te spandeer. In sy vrye tyd ry hy graag bergfiets en speel nou en dan gholf. As gesin geniet hulle die buitelewe en kamp gereeld saam met vriende.

**In 2006, ná 20 jaar ondervinding in die landbouchemiese bedryf, skuif hy na die omgewing van Elgin, Grabouw, Vyeboom en Villiersdorp (EGVV-gebied). Hier spesialiseer hy in kernvrugte en wyndruiwe.**

***"Ek gebruik 'n holistiese benadering wanneer dit by probleemsituasies kom, en mik vir die heel beste eindresultate vir my kliënte wat kwaliteit en kwantiteit betref. "*** sê hy.

Werner gebruik tegnologie soos spesialis-siektemodelle en weerdata om goed ingeligte besluite te neem, saam met biologiese oplossings waar chemie beperk word. *"Menings is goed, maar data wat 'n mening kan staaf is die beste, en ek poog om my aanbevelings en advies op hierdie beginsel te bou."*

Dit maak hom opgewonde wanneer kliënte goeie beheer of resultate kry as gevolg van die diens en kennis wat hy deel. Met behulp van Agri Technovation se ondersteuning en spesialisprodukte wil hy graag Laeveld Agrochem as 'n sterk en ervare landbouverskaffer van produkte en dienste in die gebied vestig. Die spesialisdienste wat aangebied word, het alreeds in 'n kort tydperk 'n impak gehad. ***"Wees innoverend deur met nuwe idees en strategieë vorendag te kom."*** verduidelik hy.

***"Ek streef daarna om met optimisme en passie te leef."***

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.** Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.